

NUUSBRIEF VIR PENSIOENARISSE



Desember 2025

www.laretirementfund.co.za

Support@laretirementfund.co.za



HOOGTEPUNTE VAN 2025

Beste Pensioenaris

Terwyl die jaar einde se kant toe staan, kyk ons vir 'n oomblik terug op die belangrike momente en prestasies van die afgelope 12 maande. Die Fonds het gedurende hierdie tydperk verskeie merkwaardige mylpale bereik.

Soos in ons nuusbrieff van April 2025 aangekondig is, het die Fonds die mikpunt van 'n **volle 100%-inflasiegekoppelde pensioenverhoging** behaal, en daardeur die koopkrag van u pensioen beskerm – 'n doelwit wat ons deurentyd nagestreef het. Afgesien van die syfers, het inisiatiewe soos die Nasionale Testamenteweek ons herinner dat finansiële welstand ook beteken om oordeelkundig te beplan en vir geliefdes te sorg.

Soos in ons nuusflits van September 2025 gekommunikeer is, het die **Hoogste Appèlhof se uitspraak** bevestig dat die **Kollektiewe Ooreenkoms vir Aftreefondse nie afdwingbaar is nie**, wat welkome duidelikheid gee aan munisipaliteite. Die suksesvolle uitkoms in die Hoogste Appèlhof het opnuut die onafhanklikheid van aftreefondse soos ons s'n bevestig, wat verseker dat u regte as pensioenarisse steeds beskerm word.

Die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) en die Omsigtigheidsowerheid het **Gesamentlike Standaard 2 van 2024 oor Kuberveiligheid en Kuberveerkragtigheid** ingestel, wat sedert 1 Junie 2025 van krag is. Hierdie standaard sit die minimum vereistes uiteen vir hoe finansiële instellings – aftreefondse ingesluit – inligting moet beskerm, kuberrisiko's moet bestuur en bedryfsveerkragtigheid in die geval van 'n kuberinsident moet verseker.



Die LA Aftreefonds handhaaf al lank **hoë standaarde ten opsigte van kuberveiligheid en databeskerming**, as deel van sy normale werksaamhede. Die Fonds voldoen dus reeds aan die vereistes van bogenoemde met sy robuuste stelsels, voortgesette monitering en bestaande reaksieplanne om pensioenarisse se inligting te beskerm en die volgehoue veerkragtigheid en stabiliteit van Fondswerksaamhede te verseker.

Die Fonds het ook gerusstelling van sy diensverskaffers verkry dat hulle **aan die vereistes voldoen** soos in bogenoemde Gesamentlike Standaard uiteengesit word.

Ons sal die Fonds se Jaarverslag vir 2024/2025 in die nuwe jaar begin opstel. Dit sal uitgereik word om en by die tyd van die Fonds se AJV in Mei 2026.

Ons hoop u geniet dit om die jongste Fondsnuus te lees, asook die leefstyl-artikel “Hoe om op ’n goedkoper en gesonder manier te braai”.

Mag hierdie vakansietyd vir u rus, vreugde en hernude optimisme gee vir die jaar wat voorlê. Ons wens diegene van u wat reisplanne vir die vakansie het ’n veilige reis toe.

“You are never too old to set another goal or to dream a new dream.” – C.S. Lewis

Vriendelike groete,

Ilse Hartlief
Hoofbeampte



BOODSKAP VAN DIE VOORSITTER – VERENIGING VAN PENSIOENARISSE

Ons, as pensioenarisse, het 2025 begin met die goeie nuus dat die trustees van die LA Aftreefonds besluit het om 100% van VPI die mikpunt vir pensioenverhogings te maak, onderhewig aan volgehoue bekostigbaarheid vir die Fonds.

Ons moedig steeds pensioenarisse aan om toegang tot ’n e-posadres te probeer te kry, waarheen ons kommunikasie van die Fonds en die Vereniging van Pensioenarisse kan stuur. Stuur asseblief u e-posadresbesonderhede na support@laretirementfund.co.za en info@vpkgp.co.za.

Namens die bestuur van die Vereniging van Pensioenarisse wens ek u ’n geseënde en aangename feestyd toe. Mag 2026 goeie gesondheid, vreugde en vrede vir u en u geliefdes inhou.

Alles van die beste

Steph du Toit

Voorsitter

Vereniging van Pensioenarisse



TRUSTEENUUS: 2025

Die Raad van Trustees het ook die bestuur van die Fonds met toewyding en integriteit voortgesit – van die suksesvolle aansluiting van ons nuwe lidtrustee **mev Sweetlana Petersen** op 1 Januarie 2025, tot die volgehoue fokus daarop om die Fonds se sterk beleggingsprestasie, mededingende voordele en omsigtige bestuurstoesig te handhaaf.



Die Fonds het gedurende die jaar ook die herkiesing van **mev Michelle van Zyl** as 'n lidtrustee vir 'n verdere vyfjaartermyn vanaf 1 Januarie 2026 aangekondig. Ons wens Michelle geluk en sê vir haar baie dankie vir haar volgehoue toewyding en diens aan die Fonds.



BOODSKAP VAN DIE AKTUARIS – SEAN NEETHLING

PENSIOENVERHOOGING EN PENSIOENARISBONUS

Die Fonds kondig graag aan dat 'n **pensioenverhoging** van 4.0% aan al ons vastevoordeel-pensioenarisse en gepoelde annuïteit-pensioenarisse toegestaan is vanaf 1 Januarie 2026. Dit is hoër as die Fonds se Pensioenverhogingsbeleid van 100% van VPI.

Benewens hierdie verhoging is 'n **pensioenarisbonus** van 100% van Desember 2025 se bruto maandelikse pensioen toegestaan.

Dit is moontlik gemaak deur die sterk beleggingsopbrengs vir die jaar geëindig 30 Junie 2025 en 'n gesonde surplus in die Pensioenarisrekening. Die **Fonds se gesonde finansiële posisie** het die Fonds in staat gestel om beide die verhoging en die bonus toe te staan sonder om sy finansiële posisie te benadeel.

Die totale waarde van hierdie voordele is gelyk aan 'n verhoging van 167% van VPI tot Junie 2025. Dit weerspieël die Fonds se volgehoue sterk posisie en omsigtige bestuur.



PENSIOENBETAALDATUMS VIR 2026

Donderdag 22 Januarie	Vrydag 20 Februarie	Vrydag 20 Maart	Woensdag 22 April
Vrydag 22 Mei	Maandag 22 Junie	Woensdag 22 Julie	Vrydag 21 Augustus
Dinsdag 22 September	Donderdag 22 Oktober	Vrydag 20 November	Dinsdag 15 Desember



HOE OM OP 'N GOEDKOPER EN GESONDER MANIER TE BRAAI

'n Braai is meer as net 'n maaltyd – dis 'n Suid-Afrikaanse tradisie wat mense byeenbring. Terwyl kospryse styg en baie van ons meer aandag moet gee aan ons gesondheid, is dit die moeite werd om maniere te kry om die braai te geniet sonder om te veel te spandeer of oordaad te pleeg.

Hier's 'n paar maklike idees om te sorg dat u volgende braai begrotingsvriendelik en goed is vir u.

1. Kies vleis oordeelkundig

U hoef nie u gunstelingsmake prys te gee om geld te spaar nie.

- Kies boerewors, hoenderdye of -boudjies – hulle is smaaklik, bekostigbaar en maklik om voor te berei.
- Marineer goedkoper vleissnitte oornag in suurlemoensap, jogurt of asyn om dit sag te maak.
- Sny ekstra vet af voor die braai, ter wille van u hart.



2. Fokus op groente en voeg vrugte by

Groente gee kleur aan 'n braai, is gesond en bekostigbaar.

- Probeer groenmielies, soetrissies, sampioene of murgpampoentjies – uitstekende opsies vir die rooster.
- Smeer hulle met 'n bietjie sonneblom- of olyfolie en geur met knoffel of kruie.
- Vir iets soets, braai pynappelringe, appelskyfies of halwe perskes – met 'n lepel jogurt of heuning daarby is dit 'n gesonde nagereg.
- Ryg tamaties, soetrissies, uie en pynappel op stokkies om maklike groentesosaties te skep. Hulle lyk feestelik en smaak heerlik.



3. Hou die bykosse eenvoudig

Tuisgemaakte bykosse smaak beter en kos minder.

- Vars boontjieslaai, koolslaai of pap met tamatiesmoor is altyd 'n wenner.
- Verruil roomsous vir jogurtsous of 'n skeutjie suurlemoensap.
- Kies bruinbrood of volgraanrolletjies in plaas van wittes – hulle is gesonder en meer vullend.



4. Gebruik minder brandstof

'n Goeie braai het nie 'n magdom kole nodig nie.

- Maak 'n kleiner, beheerbare vuur – dit braai net so goed.
- Bedek u kos met foelie of 'n deksel om dit warm te hou.
- Wanneer die vuur uitgebrand is en die as afgekoel het, gebruik dit in die tuin om die grond te verryk.

5. Hou dit gesonder

'n Paar klein aanpassings kan baie help.

- Moenie kos laat aanbrand nie – swartgeskroeiende vleis is nie goed vir u nie.
- Drink water, rooibostee of tuisgemaakte ystee in plaas van bruiskrankies.
- En onthou, braai gaan oor balans – nie vervolmaking nie.

Slotgedagte

Die beste manier om te spaar is om te deel. Nooi vriende of bure na 'n bring-en-braai. Almal bring iets kleins, en saam kan almal mekaar se geselskap en 'n heerlike ete geniet sonder dat dit te veel kos.

Goeie geselskap, lag en goeie kos maak 'n braai spesiaal.



KANTOORURE GEDURENDE DIE FEESTYD

Die Fonds se instapsentrum, oproepsentrum en WhatsApp sal oor die feestyd van 08:00 tot 16:00 oop bly (naweke en openbare vakansiedae uitgesluit), behalwe Woensdag 24 Desember 2025 vanaf 12:30 en Vrydag 2 Januarie 2026, wanneer die kantore gesluit sal wees.

E-pos: support@laretirementfund.co.za

Tel: 021 943 5305

WhatsApp: 081 806 9959

Instap: Belmont Office Park, Twiststraat, Bellville



Trustees: Mnr J Jacobs (Voorsitter) | Mev M Van Zyl (Ondervoorsitter) | Mnr SF du Toit |
Adv CJ Franken | Mnr J Lawack | Rdl WR Meiring | Mev SLC Petersen | Rdl S Philander
Hoofbeampte: Mev IT Hartlief

Posbus 4300 | Tygervallei | 7536 | Belmont Office Park | Twiststraat | Bellville | 7530

WhatsApp 081 806 9959 (tussen 08h00 - 16h00) | Tel 021 943 5305 | E-pos support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za | <https://www.facebook.com/LARetirementFund> | Fondsregistrasienommer 12/8/1278